

Rentmeesters na Eden



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Jesaja 22:14–18; I Korintiërs 4:1, 2; Kolossense 2:2, 3; Efesiërs 6:13–17; II Korintiërs 5:10.

Geheeteks:

“maar soos ons deur God waardig geag is dat die evangelie aan ons toevertrou sou word, so spreek ons, nie om mense te behaag nie, maar God wat ons harte beproef” (*I Tessalonicense 2:4*).

Adam en Eva se eerste werk het rentmeesterskap behels. Die tuin en die hele skepping was aan hulle gegee om te bewerk, te bewaak en te geniet, en om daarvoor te heers (*Génesis 2:15*), selfs al het hulle dit nie besit nie. Hulle was rentmeesters van wat die Here aan hulle toevertrou het. Hierdie week gaan ons na die definisie van ‘n rentmeester na die sondeval kyk nadat ons eerste ouers uit die tuin van Eden uitgedryf was. Anders gestel, ons is ook rentmeesters, maar in ‘n omgewing wat nogal baie verskillend is van die een wat Adam en Eva aanvanklik gehad het.

Wat is rentmeesterskap? Sekere Bybelkarakters openbaar wat ‘n rentmeester is deur hoe hulle leef het. Ander Skrifture definieer dit meer duidelik. Wanneer ons God se rentmeesters word, verander ons fokus op die wêreld en sy materialistiese waardes na ‘n fokus op ons Skepper en Sy missie. Soos met Adam en Eva vertrou God verantwoordelikhede van goddelike oorsprong aan ons toe. Maar, na die sondeval in Eden het die taak van rentmeesterskap verander, want, saam met die verantwoordelikhede om vir die materiële wêreld te sorg, word daar ook van ons verwag om goeie rentmeesters van geestelike waarhede te wees.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 3 Februarie.*

Rentmeesters in die Ou Testament

Die woord “rentmeester” word net ‘n paar keer in die Ou Testament gebruik. In die meeste gevalle kom dit van die frase wat dui op die een wat “oor die huis” was, die gedagte van om in beheer van die bestuur van die huis te wees; m.a.w., ‘n “opsigter” (*Génesis 43:19; 44:1, 4; en 1 Konings 16:9 waar dit praat van ‘n “owerste”*). Opsigters was verantwoordelik vir die bestuur van die huishoudelike sake en hulle heer se besittings, en om te doen wat ook al vir hulle gevra was om te doen. Die definisie van ‘n “rentmeester” in die Ou Testament kan bepaal word deur die eienskappe van ‘n opsigter te identifiseer. Rentmeesters kan nie van hulle rentmeesterskap geskei word nie, want dit openbaar hulle identiteit.

Sommige karaktereenskappe van ‘n opsigter in die Ou Testament is baie duidelik. Eerstens, die pos van ‘n opsigter het groot verantwoordelikheid behels (*Génesis 39:4*). Hulle was gekies omdat hulle sekere kwaliteite besit het en respek en vertroue van hulle eienaars ontvang het vir die werk wat hulle gedoen het. Tweedens, opsigters het gewet dat wat aan hulle toevertrou was, aan hulle eenaar behoort het (*Génesis 24:34–38*). Dit was die hoofverskil tussen ‘n opsigter en ‘n eenaar. Opsigters het hulle stand verstaan. Derdens, as opsigters dit wat aan hulle toevertrou was, vir eie gebruik sou geneem het, sou die vertrouensverhouding skipbreuk gely het en die opsigters sou hulle werk verloor het (*Génesis 3:23, Hoséa 6:7*).

Lees Jesaja 22:14–18. Gedurende Hiskia se heerskappy was Sebna as bestuurder en ook as tesourier aangestel. Beide posisies het outoriteit meegebring. Wat het met hom gebeur as gevolg van die misbruik van sy posisie?

“n Rentmeester identifiseer homself met sy heer. Hy aanvaar die verantwoordelikhede wat saam met rentmeesterskap gepaard gaan, en hy tree namens sy heer op en doen soos sy heer sou gedoen het. Sy heer se belange word syne. Die werk van ‘n rentmeester is ‘n waardige nering, want sy werkgewer vertrou hom. Indien hy enigsins selfsugtig optree en die sukses wat behaal word tot sy eie voordeel gebruik, verbreek hy die vertroue wat in hom gestel was.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 246, (vrye vertaling).

Hoe kan ons leer om die belangrike konsep dat ons rentmeesters is van wat ons in hierdie lewe besit, beter begryp? Hoe behoort hierdie besef alles wat ons doen, te beïnvloed?

Rentmeesters in die Nuwe Testament

Die twee stamwoorde vir “rentmeester” in die Nuwe Testament is epitropos wat drie maal gebruik word, en oikonomos wat tien maal gebruik word. Beide hierdie woorde beskryf poste wat bestuursverantwoordelikhede insluit wat deur die eienaar aan die bestuurder toevertrou was. In beide die Nuwe en Ou Testamente word rentmeesters deur wat hulle doen, gekenmerk. In die Nuwe Testament word die diensknegte (*of bedienaars*) spesifiek in terme van aanspreeklikheid (*Lukas 12:48*) en verwagtinge (*I Korintiërs 4:2*), beskryf. Maar, die Ou Testament fokus meer daarop om God se eienaarskap te verklaar as om ons direk as Sy rentmeesters te definieer. Dus, terwyl die konsep van ‘n rentmeester baie dieselfde in beide Testamente is, verbreed die Nuwe Testament die konsep tot om meer as net ‘n huisopsigter te wees.

In die gelykenis van die onregverdige bestuurder (*Lukas 16:1–15*) brei Jesus op die definisie van ‘n bestuurder uit. Sy les gaan oor meer as ‘n bestuurder wat finansiële ondergang moet hanteer. Dit is ook van toepassing op hulle wat geestelike ondergang moet vermy deur wys genoeg te wees om geloof toe te pas. ‘n Wyse rentmeester (*of dienaar*) sal vir die toekoms wanneer Jesus gaan terugkom, vir die hiernamaals (*Matt. 25:21*), beplan.

Lees I Korintiërs 4:1, 2; Titus 1:7, en I Petrus 4:10. Wat vertel hierdie verse ons oor rentmeesters en rentmeesterskap?

“Sal ek nie maar my hart vir die Heilige Gees oopmaak sodat elke gawe en al my energie wat God aan my gegee het, in werking gestel kan word nie. Ek is ‘n rentmeester van Sy genade.” — Ellen G. White, *Fundamentals of Christian Education*, bl. 301, (*vrye vertaling*). In Lukas 12:35–48 gebruik Jesus die term “waaksame dienskneg” figuurlik. Hy vertel van die wyse dienskneg wat reg was vir die Seun van die mens se terugkoms, en beskryf die ontroue dienskneg as een wat opgehou werk het omdat sy heer getalm het om terug te kom, en toe in ‘n tiran verander en almal om hom begin mishandel het. Hy was nie meer ‘n voorbeeld van goeie werke of ‘n genadige bestuurder nie. Wanneer ons Christus aanvaar, is ons rentmeesters wat geroep is om God se hulpbronne te bestuur. Maar, wat meer belangrik is, ons moet die geestelike waarhede van die Christelike lewe ter voorbereiding vir die hemel, reg bestuur.

Lees Lukas 12:45. Hoekom moet ons as Sewendedag-Adventiste wat dikwels met die gedagte van die “vertraging van Sy koms” worstel, veral versigtig wees om nie voor hierdie versoeking te swig nie?

Rentmeester van die verborgenhede van God

Lees Kolossense 2:2, 3 en I Timoteüs 3:16. Wat word deur hierdie verse as ‘n “verborgenheid” geïdentifiseer? Wat sê die feit dat dit ‘n “verborgenheid” is, hoe beperk ons is om meer daaroor te leer?

Sofar, die Naamatiet, sê vir Job, “ ‘Kan jy die dieptes van God peil,’ ” (*Job 11:7*). Die woord “verborgenheid” beteken verwarrend, onduidelik, onbekend, onverklaarbaar of onverstaanbaar. Die verborgenhede van God is in die Skrif opgeskryf, alhoewel om dit ten volle te verstaan, nog bo ons begripsvermoë is. Dit is hoekom dit verborgenhede genoem word. Dit is asof elkeen van ons nabysende is en probeer om die kleinste besonderheid in die heelal te kan sien. Ons kan nie so ver kyk en alles sien, tensy God dit aan ons openbaar nie.

Wat sê Deuteronómium 29:29 oor wat aan ons geopenbaar is?

Ons is rentmeesters van dinge wat ons nie ten volle verstaan nie. Al wat ons weet, is wat deur goddelike openbaring en die Skrifuur aan ons geopenbaar word. Ons grootste taak as rentmeesters is dat “ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God” (*I Korinthiërs 4:1*). God wil hê dat ons as Sy rentmeesters Sy goddelike waarhede wat aan ons geopenbaar is, bewaar, onderrig, beskerm en versorg. Hoe ons dit doen, is die einddoel van rentmeesterskap, en dit beteken dat ons “die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou” (*I Timótheüs 3:9*). Die grootste van alle verborgenhede is dat ons almal Christus, die “hoop op heerlikheid”, kan ondervind. Die plan van verlossing is bonatuurlik en onmoontlik vir ons om ten volle te verstaan. Dat die Skepper van alles wat geskep was (*Johannes 1:1–3*) na hierdie aarde gekom het, “vlees geword” het (Ellen G. White, *Manuscript Releases*, vol. 6, bl. 112), net om Homself te offer vir die sondes van die mensdom, bevat verborgenhede wat heelwaarskynlik nooit deur enigteen van hierdie skepping ten volle begryp sal word nie. Selfs die engele is begerig om die verborgenheid van hoekom Jesus aarde toe gekom het, te verstaan (*I Petrus 1:12*). Nietemin, wat hulle wel weet, spoor ons almal aan om die Here vir Sy heerlikheid en goedheid te loof (*sien Openbaring 5:13*).

Jy is geroep om ‘n rentmeester van die evangelie boodskap te wees. Watter verantwoordelikhede word outomaties hierby vir jou ingesluit?

Rentmeesters van geestelike waarhede

Wanneer ons aan rentmeesterskap dink, dink ons aan tasbare dinge, en dis reg so. Maar, soos ons reeds gesien het, is rentmeesterskap meer as dit. Net soos tasbare besittings van God ontvang word, so ook die gawes wat ons nie kan aanraak nie, naamlik geestelike gawes wat God aan ons gee (*I Petrus 4:10*), sodat ons, in Christus, Christelike karakters kan ontwikkel en dan word wat Hy graag wil hê ons moet word. Daarom moet ons sulke gawes meer versigtig as die tasbare gawes hanteer, want hulle is oneindig meer waardevol.

Lees Efésiërs 6:13–17. Wat het ons van God ontvang waarvan ons rentmeesters moet wees? Hoekom is die regte hantering van sulke dinge so uiters belangrik vir ons?

“... die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (*Romeine 6:23*). Die wêreld en alles wat dit bied, kan nie aan ons die verlossing wat ons in Christus het, gee nie. Verlossing, ‘n gawe wat God aan ons gee, is ons kosbaarste besitting. Deur die werklikheid van hierdie verlossing altyd voor oë te hou, help dit ons om perspektief met betrekking tot die ander besittings wat ook deur God aan ons gegee word, te behou. “Net in die lig wat van Golgota af straal, kan die natuur se onderwysing reg gelees word. Laat daar, deur die verhaal van Betlehem en die kruis, getoon word hoe die goeie die kwade moet oorwin, en hoe elke seën wat ons te beurt val, ‘n verlossingsgawe is.” — Ellen G. White, *Opvoeding*, bl. 101.

Verlossing is ons s’n, want Jesus het die hoogste prys betaal. Paulus sê baie duidelik, “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (*Efésiërs 1:7*). Die woorde “het ons” beteken dat ons “verlossing” het. Dit is ons s’n, maar net omdat God dit aan ons gegee het. Hoe uiters belangrik dat ons dan “die volle wapenrusting van God” moet aantrek (*Efésiërs 6:11*) om te verseker dat die duiwel nie verlossing van ons af wegneem nie, want die enigste manier wat hy dit kan doen, is as ons hom toelaat om dit te doen. Dit sal net gebeur as ons nie gehoorsaam is aan wat in “die woord van God” aan ons geopenbaar word nie (*Efésiërs 6:17*). Ons grootste beskerming is om, deur geloof, aan die lig wat aan ons gegee is, gehoorsaam te wees.

Lees Efésiërs 6:13–17 weer. Hoe trek ons die wapenrusting van God aan, en op watter maniere is ons rentmeesters van alles waaruit die wapenrusting bestaan?

Ons verantwoordelikheid as rentmeesters

Slim of wyse rentmeesters word gekenmerk deur hulle bereidwilligheid om die morele beginsel van persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar en uit te leef. Die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid is die keuse wat ons maak, en hoe ons dit dan uitvoer. Dit erken die verwantskap tussen oorsaak en gevolg. Bereidwilligheid om persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar, is 'n hoofkenmerk wat nie buite rekening gelaat kan word wanneer rentmeesterskap gedefinieer word nie, want rentmeesters moet doelgerig wees om die beste belange van die Eienaar ter harte te neem. Daarom, sulke gewilligheid is 'n keuse wat deur die rentmeester se ideale verhouding met God gekenmerk word. "God se begeerte is om elke mens in 'n direkte verhouding met homself te bring. In sy omgang met die mens verwag Hy dat elkeen self verantwoordelik sal optree. Hy wil graag hê dat die mens 'n sin van afhanklikheid sal hê en ook sal beseft dat hy leiding nodig het. Hy gee spesifieke gawes aan elke individu. Elke mens word as 'n rentmeester met 'n heilige pand toevertrou. Van elkeen word verwag om sy pand volgens die aanwysings van die Gewer te bestuur; en elkeen sal 'n verslag van sy rentmeesterskap aan God moet lewer." - Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 7, bl. 176, (vrye vertaling). Wanneer ons rentmeesters word, sal ons nie ons verantwoordelikhede op iemand anders of op 'n ander organisasie afskuif nie. Ons is persoonlik verantwoordelik aan God en dit sal in al ons interaksies met almal rondom ons gesien kan word (*Génesis 39:9; sien ook Daniël 3:16*). Ons sal die taak voor ons tot die beste van ons vermoë aanpak. In God se oë sal ons sukses meer afhanklik van ons geloof en ons opregtheid as van ons intellek en talente wees.

Lees II Korintiërs 5:10. Hoe verstaan ons hierdie woorde in die konteks van wat dit beteken om 'n slim rentmeester te wees?

Teoloë en filosowe het al vir eeue lank die moeilike vraag oor die vrye wil gedebatteer. Maar die Skrif is duidelik: ons as mense het 'n vrye wil en 'n vrye keuse. Die gedagte dat ons deur ons dade geoordeel gaan word, maak andersins geen sin nie. Daarom het ons, deur die genade van God, 'n persoonlike verantwoordelikheid om te kies om die regte besluite in alles wat ons doen, te maak, wat getroue rentmeesterskap van al ons Meester se besittings insluit.

Vir verdere studie:

Die woord wat vir “rentmeester” in ‘n paar Ou Testamentiese tekse gebruik word, kom nie van een woord nie, maar van ‘n frase: *asher al bayt*, die “man wat oor die huis is”. Byvoorbeeld, Génesis 43:19 kan so vertaal word: “Daarom het hulle nader gekom na die rentmeester van Josef se huis”. As ‘n mens in ag neem dat die gesin wat in die huis bly, self deel is van die huis, wat is dan meer kosbaar vir hulle as hulle eie huis? Daarom, ‘n rentmeester is iemand aan wie iets baie kosbaar toevertrou is, maar wat egter nie aan hom behoort nie. Dit maak die verantwoordelikheid in baie opsigte selfs groter as wat dit sou wees indien die rentmeester in beheer van sy eie besittings sou wees.

Hierdie selfde gedagte word in die Nuwe Testament voortgesit. “Die Nuwe Testament neem Ou Testamentiese gedagtes en koppel dit aan eerste-eeuse gedagtes, konsepte en woorde, om sodoende die Bybelse leerstelling oor rentmeesterskap uit te brei. Die mees algemene Griekse woorde wat in verband met rentmeesterskap gebruik word, word van *oikos* en *oikia*, ‘huis’, afgelei. Die *oikonomos* is die een wat die huis oppas: die rentmeester of die bestuurder. *Oikonomia* is die abstrakte selfstandige naamwoord, ‘die bestuur van die huis’, en dit het dikwels ‘n breër betekenis.” — *Handbook of Seventh-day Adventist Theology* (Hagerstown, Md.: Review and Herald Publishing Association, 2000), bl. 653, (*vrye vertaling*).

Vrae vir bespreking:

- 1. In plaas daarvan om verantwoordelikheid vir die eet van die verbode vrug te neem, wat het Adam aan God gesê toe daar aan hom gevra was wat hy gedoen het? Génesis 3:12. Dis interessant dat een van die eerste reaksies na die sondeval, was om die blaam op iemand anders te plaas. Wat sê sy antwoord oor sy gewilligheid om persoonlike verantwoordelikheid vir wat hy gedoen het, te aanvaar? Wat behoort dit ook aan ons oor ons gewilligheid te sê? Hoe kan ons leer om die ou gewoonte om ander vir ons foute te blameer, te vermy?**
- 2. Dink in die klas verder na oor die gedagte om rentmeesters te wees van dit wat nie tasbaar is nie, maar geestelik. Wat beteken dit? Hoe “bestuur” ons sulke dinge?**
- 3. Dink na oor die boodskappe van die drie engele in Openbaring 14:6–12. Watter belangrike waarhede waarvoor ons as rentmeesters verantwoordelik is, word hier gegee?**
- 4. Hoekom is dit vir ons so belangrik om te leer om te vertrou en te glo op geestelike dinge wat ons nie ten volle verstaan nie? Op watter maniere doen ons dit in elk geval gedurigdeur wat wêreldse dinge betref?**